#### **Establishment of Atmospheric Emission Licensing System**

**31.** The Council hereby establishes an Atmospheric Emission Licensing System as contemplated in Chapter 5 of the Air Quality Act.

#### **Purpose of the Atmospheric Emission Licensing System**

**32.** The purpose of the Atmospheric Emission Licensing System is to —

- (a) identify and register all sources of air pollution in the City;
- (b) regulate and ensure compliance with the licence conditions;
- (c) gather information for the purposes of compiling the air quality management plan of the City, as contemplated in section 15 of the Air Quality Act;
- (d) undertake strategic planning; and
- (e) provide information to any person in order to —
  - (i) facilitate monitoring of the performance of the City, and if applicable, a licensee;
  - (ii) stimulate research by acknowledged institutions; and
  - (iii) assist the City to achieve the main objectives of this By-law.

#### **Application for atmospheric emission licence**

**33.** (1) No person shall undertake a listed activity, as published in terms of section 21 of the Air Quality Act, without being in possession of an atmospheric emission licence issued by the air quality officer.

(2) An application for an atmospheric emission licence must be —

- (a) made in writing on the application form as prescribed by the air quality officer;
- (b) accompanied by documents or information as may be required by the air quality officer; and
- (c) on payment of the prescribed application fee.

(3) The air quality officer must on receipt of an application for an atmospheric emission licence —

- (a) acknowledge receipt, within 14 days, of the application together with the prescribed fee;
- (b) check whether the application is properly completed and contains the information required in the application form; and
- (c) is accompanied by the required information or documents required in terms of this By-law.

(4) Before considering an application made in terms of subsection (2), the air quality officer may require the applicant to furnish additional information or a specialist air quality impact study.

(5) Any person who undertakes a listed activity without an atmospheric emission licence is guilty of an offence and is subject to the penalties as set out in section 52 of the Air Quality Act.

#### **Factors to be taken into account**

**34.** The air quality officer must, in addition to the factors set out in section 39 of the Air Quality Act, consider each application having regard to the following factors:

- (a) compliance with the Air Quality Act and this By-law; and
- (b) the environmental, health and safety record of the applicant.

**Decisions on applications for atmospheric emission licence**

35. (1) After considering the application in terms of section 33, the air quality officer must, within 60 days of receipt of the application, either —
- (a) approve the application by issuing a provisional atmospheric emission licence or an atmospheric emission licence, subject to such conditions as the air quality officer may impose; or
  - (b) reject the application.
- (2) If the air quality officer fails to grant or reject an application for an atmospheric emission licence within 60 days after considering the application in terms of section 33, he or she must inform the applicant in writing that the period for consideration is extended and must inform the applicant of the date by which a decision will be made.

**Terms and conditions of the atmospheric emission licence**

36. (1) When issuing an atmospheric emission licence, the air quality officer may impose reasonable conditions as he or she may deem necessary.
- (2) An atmospheric emission licence issued under this section must —
- (a) comply with section 43 of the Air Quality Act;
  - (b) contain a requirement that the licence holder must comply with and ensure compliance by his or her employees, agents and sub-contractors with this By-law and other applicable national or provincial legislation.

**Variation of atmospheric emission licences**

37. No building, plant or works used by a holder of a licence referred to in section 33 shall be —
- (a) materially extended; and
  - (b) altered or added to,

and no changes in process, procedures or significant production increases may be undertaken without the prior approval of the air quality officer.

**Cessation of atmospheric emission licence**

38. The holder of a licence referred to in section 33 must on cessation of operations to which the licence relates notify the air quality officer of such cessation.

**CHAPTER XII****OFFENCES AND PENALTIES****Offences and penalties**

39. (1) A person who contravenes sections 13(1), 14(1), 19(1), 20(1), 20(3), 21(1), 22, 23(1), 24(1), 26(1), (3) and (4), 27 (1), (3) and (4), 28(1), or 30(1) and (3), is guilty of an offence.
- (2) Any person who is guilty of an offence in terms of section 19(1), 23(1) or 27(1) is liable on conviction to imprisonment not exceeding 30 days or to a fine or to both a fine and imprisonment.
- (3) Any person who is guilty of an offence in terms of sections 13(1), 14(1), 20(1), 20(3), 21(1), 24(1), 26(1), 26(3) and (4), 28(1), 30(1) and (3), is liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding two years or a fine or to both such fine and such imprisonment.
- (4) Any person who contravenes section 22 is liable on conviction to imprisonment not exceeding one year or a fine or both such fine and such imprisonment.
- (5) It is an offence to—
- (a) supply false information to an authorised person in respect of any issue pertaining to this By-law; or
  - (b) refuse to co-operate with the request of an authorised person made in terms of this By-law,
- and any person convicted of such offence is liable to imprisonment for a period not exceeding 30 days or a fine or both such fine and such imprisonment.
- (6) Where no specific penalty is provided, any person committing an offence in terms of this By-law is liable on conviction to imprisonment for a period not exceeding one (1) year or to a fine or to both such imprisonment and such a fine.
- (7) Failure to comply with a notice, direction or instruction referred to in this By-law constitutes a continuing offence.
- (8) Any person who commits a continuing offence shall be guilty of an offence for each day during which that person fails to comply with a notice, direction or instruction referred to in this By-law.
- (9) In addition to imposing a fine or imprisonment, a court may order any person convicted of an offence under this By-law —
- (a) to remedy the harm caused;
  - (b) to pay damages for harm caused to another person or to property, which order shall have the force and effect of a civil judgment; and
  - (c) to install and operate at the person's own expense obscuration reading equipment referred to in section 16.
- (10) In addition to any other penalty the court may impose, it may order a person convicted of an offence under this By-law to take such steps the court considers necessary within a period determined by the court in order to prevent a recurrence of the nuisance.

**CHAPTER XIII**  
**GENERAL MATTERS**

**Compliance Monitoring**

**40.** (1) For the purposes of compliance monitoring, the designated environmental management inspectors must exercise the powers as set out in sections 31G to 31L of the NEMA.

(2) The environmental management inspectors may request from any polluter that significantly contributes or is likely to contribute to poor air quality, ambient and isokinetic monitoring and any other air quality related study, programs or reports to be conducted by a recognised and competent third party, at the cost of the polluter.

**Enforcement**

**41.** (1) The authorised person must take all lawful, necessary and reasonable practicable measures to enforce the provisions of this By-law.

(2) The City may develop enforcement procedures which should take into consideration any national or provincial enforcement procedures.

**Recognition programmes**

**42.** An air quality officer may establish a programme for the public recognition of significant achievements in the area of pollution prevention.

**Appeals**

**43.** Any person may appeal against a decision taken by an authorised person under this By-law by giving a written notice of the appeal in accordance with the provisions of section 62 of the Systems Act.

**Exemptions**

**44.** (1) Any person may, in writing, apply for exemption from the application of a provision of this By-law to the Council.

(2) An application in terms of subsection (1) must be accompanied by substantive reasons.

(3) The Council may require an applicant applying for exemption to take appropriate steps to bring the application to the attention of relevant interested and affected persons and the public.

(4) The steps contemplated in subsection (3) must include the publication of a notice in at least two newspapers, one circulating provincially and one circulating within the jurisdiction of the City —

(a) giving reasons for the application; and

(b) containing such other particulars concerning the application as the air quality officer may require.

(5) The Council may —

(a) from time to time review any exemption granted in terms of this section, and may impose such conditions as it may determine; and

(b) on good grounds withdraw any exemption.

(6) The Council may not grant an exemption under subsection (1) until he or she has —

(a) taken reasonable measures to ensure that all persons whose rights may be significantly detrimentally affected by the granting of the exemption, including adjacent land owners or occupiers, are aware of the application for exemption and how to obtain a copy of it;

(b) provided such persons with a reasonable opportunity to object to the application; and

(c) duly considered and taken into account any objections raised.

**Indemnity**

**45.** The City shall not be liable for any damage caused to any property or premises by any action or omission of the employees or officials of the City when exercising any function or performing any duty in terms of this By-law, provided that such employees or officials must, when exercising such function or performing such duty, take reasonable steps to prevent any damage to such property or premises.

**Repeal and savings**

**46.** (1) The City of Cape Town: Air Pollution Control By-law, 2003 is hereby repealed.

(2) Anything done or deemed to have been done under any other law remains valid to the extent that it is consistent with this By-law, or until anything done under this By-law overrides it.

**Short title**

**48.** This By-law is called the City of Cape Town: Air Quality Management By-law, 2010.

## STAD KAAPSTAD

## VERORDENING OP LUGGEHALTEBESTUUR, 2010

Om die Stad Kaapstad: Verordening op Lugbesoedelingsbeheer, 2003, te herroep, en voorskrifte neer te lê vir luggehaltebestuur en sake bykomend daartoe.

**AANHEF**

**NADEMAAL** artikel 156(2) en (5) van die Grondwet bepaal dat 'n munisipaliteit verordeninge kan uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer, en voorts die reg het om enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot 'n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met, die doeltreffende verrigting van sy funksies;

**NADEMAAL** deel B van bylae 4 by die Grondwet munisipale gesondheidsdienste as 'n plaaslikeregeringsfunksie lys in soverre dit in artikel 155(6)(a) en (7) uiteengesit word;

**EN NADEMAAL** die Stad Kaapstad na die bestuur van luggehalte en die beheer van lugbesoedeling in die Stad se regsgebied streef, en wil verseker dat lugbesoedeling voorkom word of, waar dit nie geheel en al voorkom kan word nie, beperk en reggestel word,

**DAAROM VERORDEN** ie raad van die Stad Kaapstad **NOU SOOS VOLG**:

**INHOUDSOPGAWE****HOOFSTUK I****VERTOLKING EN GRONDBEGINSELS**

1. Woordoms krywing
2. Toepassing van hierdie verordening
3. Strydigheid met ander wetgewing

**HOOFSTUK II****SORGSAAAMHEIDSPLIG**

4. Redelike maatreëls om lugbesoedeling te voorkom

**HOOFSTUK III****AANWYSING VAN LUGGEHALTEBEAMPTTE EN OMGEWINGSBESTUURSINSPEKTEURS**

5. Aanwysing van die luggehaltebeampte en omgewingsbestuursinspekteurs
6. Pligte en funksies van die luggehaltebeampte en omgewingsbestuursinspekteurs

**HOOFSTUK IV****PLAASLIKE VRYSTELLINGSTANDAARDE, NORME EN STANDAARDE, EN ROOKBEHEERSONES*****Deel 1: Plaaslike vrystellingstandaarde***

7. Wetlike mandaat

***Deel 2: Norme en standaarde***

8. Proses vir eiening van stowwe
9. Publikasie van plaaslike vrystellingstandaarde
10. Verklaring van lugbesoedelingsbeheersone

**HOOFSTUK V****ROOKVRYSTELLINGS VAN PERSELE BUITEN WONINGS**

11. Toepassing
12. Verbod op donkerrookvrystelling van persele
13. Installering van brandstofverbrandingstoerusting
14. Hantering van brandstofverbrandingstoerusting
15. Veronderstelling
16. Installering en hantering van verduisteringsmeters
17. Monitering en toetsing
18. Tydelike kwytstelling

**HOOFSTUK VI**  
**ROOKVRYSTELLINGS VAN WONINGS**

19. Verbod op donkerrookvrystelling van wonings

**HOOFSTUK VII**  
**VRYSTELLINGS WEENS STOF, OOP VERBRANDING EN MATERIAALVERBRANDING**

20. Magtiging van oop en materiaalverbranding  
21. Vrystellings weens die verbranding van bande, rubber en enige ander materiaal vir metaalherwinning  
22. Stofvrystellings

**HOOFSTUK VIII**  
**VRYSTELLINGS VAN KOMPRESSIEONTSTEKINGSAAANGEDREWE VOERTUIE**

23. Verbod op donkerrookvrystelling van kompressieontstekingsaangedrewe voertuie  
24. Die voorkeer van voertuie vir inspeksie en toetsing  
25. Toetsprosedure  
26. Herstelkennisgewing

**HOOFSTUK IX**  
**VRYSTELLINGS WAT 'N STEURNIS VEROORSAAK**

27. Verbod op vrystellings wat 'n steurnis veroorsaak  
28. Verwyderingskennisgewing  
29. Stappe om steurnis te verwyder

**HOOFSTUK X**  
**PLAAGDODER EN GEWASBESPUITING**

30. Die spuit van plaagdoder

**HOOFSTUK XI**  
**LISENSIERING VAN GELYSSTE WERKSAAMHEDE**

31. Instel van lisensiëringstelsel vir atmosferiese vrystellings  
32. Doel van die lisensiëringstelsel vir atmosferiese vrystellings  
33. Aansoek om lisensie vir atmosferiese vrystellings  
34. Faktore wat in ag geneem moet word  
35. Beslissing van aansoeke om lisensies vir atmosferiese vrystellings  
36. Bepalings en voorwaardes van die lisensie vir atmosferiese vrystellings  
37. Afwyking van lisensie vir atmosferiese vrystellings  
38. Kansellasië van lisensie vir atmosferiese vrystellings

**HOOFSTUK XII**  
**OORTREDINGS EN STRAFMAATREËLS**

39. Oortredings en strafmaatreëls

**HOOFSTUK XIII**  
**ALGEMENE SAKE**

40. Nakomingsmonitering  
41. Toepassing  
42. Erkenningsprogramme  
43. Appèlle  
44. Kwytskeldings  
45. Vrywaring  
46. Herroeping en uitsonderingsbepalings  
47. Kort titel

## HOOFSTUK I

### VERTOLKING EN GRONDBEGINSELS

#### Woordomskrywing

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken:

“**amptelike dorpsgebied**” enige grondeenheid wat vir residensiële doeleindes gesoneer en aangewend word;

“**atmosfeer**” lug wat nie deur 'n gebou, masjien, skoorsteen of ander soortgelyke struktuur ingesluit word nie;

“**atmosferiese vrystelling**” of “**vrystelling**” enige vrystellings- of meeslepingsproses uit 'n punt-, niepunt- of mobiele bron wat tot lugbesoedeling lei;

“**bes uitvoerbare omgewingskeuse**” die keuse wat die grootste voordeel of die minste skade vir die omgewing in sy geheel inhou, teen 'n koste wat op sowel lang as kort termyn vir die samelewing aanvaarbaar is;

“**brandstofverbrandingstoerusting**” enige smeltoond, stoomketel, verbrandingsoond of ander toerusting, wat 'n skoorsteen insluit, wat:

- (a) ontwerp of daartoe in staat is om vloeistof, gas of vaste brandstof te verbrand;
- (b) gebruik word om deur middel van verbranding met enige materiaal of afval weg te doen; of
- (c) gebruik word om vloeistof, gas of vaste brandstof aan enige proses waarby die aanwending van hitte betrokke is, te onderwerp;

“**donker rook**”

- (a) met betrekking tot hoofstuk V en hoofstuk VI van hierdie verordening, rook wat 'n verduistering van 20% of meer toon as dit met 'n ligabsorpsiemeter, verduisteringsmeter of ander soortgelyke toerusting gemeet word;
- (b) met betrekking tot hoofstuk VIII van hierdie verordening:
  - (i) rook uit die uitlaat van normaal geaspireerde kompressieontstekingsaangedrewe enjins met 'n digtheid van 50 of meer Hartridge-rookeenhede, of 'n ligabsorpsiekoëffisiënt van meer as 1,6m-1;
  - (ii) rook uit die uitlaat van turboaangejaagde kompressieontstekingsenjins met 'n digtheid van 56 of meer Hartridge-rookeenhede, of 'n ligabsorpsiekoëffisiënt van meer as 1,19m-1;

“**gemagtigde persoon**” enige werknemer van die Stad wat deur die uitvoerende direkteur: Stadsgesondheid gemagtig word om enige bepaling van hierdie verordening toe te pas;

“**kompressieontstekingsaangedrewe voertuig**” 'n voertuig wat deur binneverbranding, kompressieontsteking, of 'n diesel- of soortgelyke brandstofenjien aangedryf word;

“**lewende organisme**” enige biologiese entiteit wat genetiese materiaal, wat steriele organismes en virusse insluit, kan oordra of repliseer;

“**ligabsorpsiemeter**” 'n meettoestel wat 'n ligsensitiewe sel of verklikker gebruik om te bepaal hoeveel lig 'n lugbesoedelende stof absorbeer;

“**lugbesoedelende stof**” onder meer stof, rook, dampe en gas wat lugbesoedeling veroorsaak of kan veroorsaak;

“**lugbesoedeling**” enige verandering in die omgewing weens enige stof wat deur enige aktiwiteit in die atmosfeer vrygestel word, waar sodanige verandering 'n nadelige uitwerking het, of in die toekoms 'n nadelige uitwerking kan hê, op die mens se gesondheid of welstand; op die samestelling, weerstand en produktiwiteit van natuurlike of bestuurde ekosisteme; of op materiale wat nuttig is vir mense;

“**lugbesoedelingsbeheersone**” die geografiese gebied waarvoor hoofstuk IV van hierdie verordening geldig verklaar is;

“**luggehaltebeampte**” die luggehaltebeampte wat ingevolge artikel 14(3) van die Wet op Luggehalte as sodanig aangewys word;

“**luggehaltebestuursplan**” die luggehaltebestuursplan ingevolge artikel 15 van die Wet op Luggehalte;

“**nadelige uitwerking**” enige werklike of moontlike uitwerking op die omgewing wat die omgewing of enige aspek daarvan dermate sou kon benadeel dat dit nie as onbeduidend of onbelangrik beskou kan word nie;

“**NEMA**” die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (nr. 107 van 1998);

“**omgewing**” die milieu waarin mense bestaan, en wat saamgestel is uit:

- (a) die grond, water en atmosfeer van die aarde;
- (b) mikro-organismes en plant- en dierelewe;
- (c) enige deel of samevoeging van (a) en (b) hier bo, en die onderlinge verhoudinge daartussen; en
- (d) die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande van voormelde wat mense se gesondheid en welstand raak;

“**omgewingsbestuursinspekteur**” 'n omgewingsbestuursinspekteur waarna artikel 5 verwys;

“**omringende lug**” dieselfde as in artikel 1 van die Wet op Luggehalte;

“**oop verbranding**” die verbranding van materiaal sonder 'n skoorsteen waardeur die produkte van verbranding in die atmosfeer vrygestel word, met “**verbranding in die ope lug**” as sinoniem;

“**openbare pad**” 'n pad met betrekking waartoe die publiek gebruiksreg het;

“**operateur**” 'n persoon wat 'n saak besit of bestuur, of 'n bedryf of proses beheer, wat lugbesoedelende stowwe vrystel;

“**perseel**” onder andere:

- (a) enige gebou of ander struktuur;
- (b) enige grond wat daaraan grens of wat met betrekking tot enige aktiwiteit in daardie gebou of struktuur beset of gebruik word,

(c) enige oop grond;

(d) enige lokomotief, skip, boot of ander tuig wat in die omgewing van enige hawe funksioneer;

in die regsgebied van die Stad;

“**persoon**” ’n natuurlike of regspersoon;

“**provinsie**” die provinsie van die Wes-Kaap;

“**raad**” die raad van die Stad of enige van die ander politieke strukture, politieke ampsdraers, raadslede of enige personeellede van die Stad wat ingevolge delegasie behoorlik gemagtig is;

“**rook**” die gasse, deeltjies en produkte van verbranding wat met die verbranding of verhitting van materiaal in die atmosfeer vrygestel word, en sluit die roet, grint en grinterige deeltjies in wat as deel van rook vrygestel word;

“**skoorsteen**” enige struktuur of opening van enige aard van waar of waardeur lugbesoedende stowwe vrygestel kan word;

“**spesialisstudie**” enige wetenskaplik gegronde studie met betrekking tot luggehalte wat deur ’n kundige of erkende spesialis met toepaslike kwalifikasies en bevoegdheid in die dissipline van luggehaltebestuur uitgevoer word;

“**sputgebied**” ’n gebied of ingeslote area waarna artikel 27 verwys, en wat vir spuitverfwerk gebruik word, met “**sputkamer**” as sinoniem;

“**Stad**” die Stad Kaapstad soos ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (nr. 117 van 1998), volgens Provinsiale Kennisgewing, nr. 479 van 2000, ingestel;

“**stadsbestuurder**” die persoon wat die raad as sodanig aanstel ingevolge artikel 82 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (nr. 117 van 1998);

“**steurnis**” die verskynsel wanneer lugbesoedeling ’n onredelike of waarskynlike inbreuk maak op:

(a) die gesondheid of welstand van enige persoon of lewende organisme; of

(b) ’n eienaar of okkupeerder se gebruik en genieting van sy/haar eiendom of die omgewing;

“**stof**” enige vaste stof in ’n fyn of gedisintegreerde vorm wat in staat is om in die atmosfeer versprei of gesuspendeer te word;

“**Uitvoerende Direkteur: Stadsgesondheid**” die uitvoerende direkteur van die Stad verantwoordelik vir gesondheidsake;

“**verduistering**” die verhouding van sigbare lig verswak deur lugbesoedende stowwe wat in die uitvloeistrome gesuspendeer is, tot die inval van sigbare lig, uitgedruk as ’n persentasie;

“**voertuig**” enige kar, motorwa, motorfiets, bus, vragmotor of ander vervoermiddel wat in sy geheel of gedeeltelik deur enige vlugtige spiritus, stoom, gas of olie, of enige ander middel buiten menslike of dierekrag aangedryf word;

“**vryeversnellingstoets**” die metode wat in artikel 25 beskryf word;

“**Wet op Luggehalte**” die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Luggehalte, 2004 (nr. 39 van 2004);

“**Wet op Stelsels**” die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (nr. 32 van 2000); en

“**woning**” enige gebou of struktuur, of deel van ’n gebou of struktuur, wat as ’n woonplek gebruik word, sowel as enige buitegeboue daarby, maar wat informele nedersettings uitsluit.

### **Toepassing van hierdie verordening**

2. Hierdie verordening geld alle eiendomme of persele in die regsgebied van die Stad.

### **Strydigheid met ander wetgewing**

3. In geval van strydigheid tussen hierdie verordening en enige ander verordening of beleid wat lugbesoedeling reguleer, sal die bepalings van hierdie verordening geld.

## **HOOFSTUK II SORGSAAMHEIDSPLIG**

### **Redelike maatreëls om lugbesoedeling te voorkom**

4. (1) Enige persoon wat ten volle of gedeeltelik vir die ontstaan van lugbesoedeling of die skep van ’n lugbesoedelingsgevaar verantwoordelik is, moet alle redelike maatreëls tref, wat die bes uitvoerbare omgewingskeuse insluit—

(a) om te verhoed dat enige moontlik beduidende lugbesoedeling voorkom; en

(b) om enige beduidende lugbesoedeling wat voorkom, te temper en so ver redelik moontlik reg te stel.

(2) Die raad kan enigeen wat versuim om die maatreëls ingevolge subartikel (1) hier bo te tref, opdrag gee—

(a) om die impak van bepaalde werksaamhede te ondersoek, te evalueer en te beoordeel, en daarvoor verslag te doen;

(b) om voor ’n sekere datum bepaalde redelike maatreëls te tref;

(c) om toegewyd met sodanige maatreëls vol te hou; en

(d) om die maatreëls voor ’n bepaalde redelike datum af te handel,

mits die gemagtigde persoon voor so ’n opdrag die betrokke persone voldoende kennis gee, en hulle versoek om die gemagtigde persoon van hulle tersaaklike belange in kennis te stel, met dien verstande dat die gemagtigde persoon enige ander staatsinstelling kan raadpleeg.

(3) Indien 'n persoon sou versuim om 'n opdrag ingevolge subartikel (2) hier bo uit te voer of voldoende uit te voer, kan die gemagtigde persoon redelike maatreëls tref om die situasie reg te stel.

(4) Indien 'n persoon sou versuim om aan die maatreëls ingevolge subartikel (1) hier bo uitvoering te gee, kan die gemagtigde persoon alle redelike koste wat vir optrede ingevolge subartikel (3) hier bo aangegaan word van enige van of al onderstaande persone verhaal:

- (a) enige persoon wat verantwoordelik is vir, of regstreeks of nieregstreeks bygedra het tot, die lugbesoedeling of moontlike lugbesoedeling;
- (b) die grondeienaar ten tyde van die voorkoms van lugbesoedeling of moontlike lugbesoedeling, of daardie eienaar se opvolger in titel;
- (c) die persoon in beheer van die grond, of enige persoon met die huidige of gewese reg om die grond te gebruik:
  - (i) toe die betrokke werksaamheid of proses uitgevoer of onderneem is; of
  - (ii) toe die situasie ontstaan het; en/of
- (d) enige persoon wat op nalatige wyse versuim om te voorkom:
  - (i) dat die werksaamheid of proses uitgevoer of onderneem word; of
  - (ii) dat die situasie ontstaan.

(5) Indien meer as een persoon ingevolge subartikel (4) hier bo aanspreeklik is, kan die aanspreeklikheid onder hulle verdeel word na gelang van die mate waarin elkeen, weens hulle onderskeie versuim om die vereiste maatreëls ingevolge subartikel (1) en (2) hier bo te tref, vir die omgewingskade verantwoordelik was.

### HOOFSTUK III

#### AANWYSING VAN LUGGEHALTEBEAMPTTE EN OMGEWINGSBESTUURSINSPEKTEURS

##### Aanwysing van die luggehaltebeampte en omgewingsbestuursinspekteurs

5. (1) Die stadsbestuurder moet in oorleg met die Uitvoerende Direkteur: Stadsgegesondheid 'n werknemer van die Stad of enige ander persoon as luggehaltebeampte aanwys, wat vir die koördinerings van sake met betrekking tot luggehaltebestuur in die Stad verantwoordelik sal wees.

(2) Ingevolge artikel 31C van NEMA, kan die uitvoerende direkteur: Stadsgegesondheid die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) verantwoordelik vir omgewingsake in die provinsie versoek om omgewingsbestuursinspekteurs aan te stel.

##### Pligte en funksies van die luggehaltebeampte en omgewingsbestuursinspekteurs

6. (1) Die luggehaltebeampte moet—

- (a) die ontwikkeling van die luggehaltebestuursplan koördineer sodat dit ingevolge hoofstuk 5 van die Wet op Stelsels by die Stad se geïntegreerde ontwikkelingsplan ingesluit kan word;
- (b) 'n jaarverslag oor die stad se luggehalte voorberei;
- (c) die pligte en funksies vervul wat ingevolge hierdie verordening en die opdragte van die uitvoerende direkteur: Stadsgegesondheid aan hom/haar toegewys word;
- (d) die jaarverslag waarna paragraaf (b) hier bo verwys by die luggehaltebeampte indien wat die LUR verantwoordelik vir omgewingsake in die provinsie aangewys het.

(2) Die jaarverslag waarna subartikel (1)(b) verwys, moet onder andere die Stad se vordering met die toepassing van die luggehaltebestuursplan bevat.

(3) Die luggehaltebeampte kan van die houer van 'n voorlopige lisensie vir atmosferiese vrystellings, of die houer van 'n lisensie vir atmosferiese vrystellings, verwag om ingevolge artikel 48 van die Wet op Luggehalte 'n vrystellingsbeheerbeampte aan te wys.

### HOOFSTUK IV

#### PLAASLIKE VRYSTELLINGSTANDAARDE, NORME EN STANDAARDE, EN ROOKBEHEERSONES

##### *Deel 1: Plaaslike vrystellingstandaarde*

##### Wetlike mandaat

7. (1) Die gemagtigde persoon kan deur middel van 'n kennisgewing—

- (a) stowwe of vermengings van stowwe in die omringende lug eien wat deur omringende konsentrasies, bioakkumulاسie of afsetting, of op enige ander manier, 'n bedreiging vir gesondheid, welstand of die omgewing in die stad inhou, of wat na die luggehaltebeampte se redelike oordeel sodanige bedreiging inhou; en
- (b) met betrekking tot elkeen van dié stowwe of vermengings van stowwe, plaaslike standaarde vir vrystellings van punt-, niepunt- of mobiele bronne in die stad vasstel.

(2) In die vasstelling van die plaaslike vrystellingstandaarde, sal die gemagtigde persoon onderstaande faktore in ag neem:

- (a) gesondheids, veiligheids- en omgewingsbeskerminingsdoelwitte;
- (b) die ontledingsmetode;
- (c) tegniese uitvoerbaarheid;
- (d) moniteringsvermoë;

- (e) sosio-ekonomiese gevolge;
- (f) die ekologiese rol van brande by plantegroei-oorblyfsels; en
- (g) die bes uitvoerbare omgewingskeuse.

(3) Enigeen wat stowwe of vermengings van stowwe waarna subartikel (1) hier bo verwys, vrystel, moet aan die plaaslike vrystellingstandaarde voldoen wat ingevolge hierdie verordening gepubliseer word.

### *Deel 2: Norme en standaarde*

#### **Proses vir eiening van stowwe**

**8.** (1) Die gemagtigde persoon moet onderstaande maatstawwe gebruik wanneer hy of sy die stowwe in die omringende lug wat 'n bedreiging vir openbare gesondheid, welstand of die omgewing inhou, eien en volgens voorrang orden:

- (a) die moontlikheid, ergheidsgraad en gereeldheid van die uitwerking op mense se gesondheid en die omgewing in sy geheel, veral onomkeerbare uitwerkings;
- (b) alomteenwoordige en hoë konsentrasies van die stof in die atmosfeer;
- (c) moontlike omgewingstransformasies en metaboliese veranderinge in die stof, aangesien sodanige veranderinge tot die produksie van chemikalieë met groter toksisiteit kan lei, of ander onsekerhede tot gevolg kan hê;
- (d) nawerking in die omgewing, veral indien die stof nie bioafbreekbaar is nie, en in mense, die omgewing of voedselkettings kan opbou;
- (e) die impak van die stof, gedagtig aan onderstaande faktore:
  - (i) die grootte van die bevolking, lewende hulpbronne of ekosisteme wat daaraan blootgestel word;
  - (ii) die bestaan van bepaald sensitiewe reseptors in die betrokke sone; en
- (f) stowwe wat deur internasionale konvensies gereguleer word.

(2) Die gemagtigde persoon moet, met behulp van die maatstawwe soos in subartikel (1) hier bo uiteengesit, 'n lys opstel van die stowwe in die omringende lug wat 'n bedreiging vir openbare gesondheid, welstand of die omgewing inhou.

#### **Publikasie van plaaslike vrystellingstandaarde**

**9.** Vir die doeleindes van die publikasie van die plaaslike vrystellingstandaarde, moet die Stad 'n raadplegingsproses ingevolge hoofstuk 4 van die Wet op Stelsels volg.

#### **Verklaring van lugbesoedelingsbeheersone**

**10.** (1) Hiermee word die hele gebied binne die regsbevoegdheid van die Stad tot lugbesoedelingsbeheersone verklaar.

(2) Binne die lugbesoedelingsbeheersone kan die raad van tyd tot tyd deur middel van 'n kennisgewing in die Provinsiale Koerant—

- (a) die vrystelling van een of meer lugbesoedelende stowwe van alle of sekere persele verbied of beperk;
- (b) die verbranding van sekere soorte brandstof verbied of beperk;
- (c) rookvrye sones verklaar waarin rookvrystellings met 'n verduistering van meer as 10% verbode is;
- (d) verskillende vereistes vir luggehalte in 'n lugbesoedelingsbeheersone voorskryf, en wel met betrekking tot—
  - (i) verskillende geografiese gedeeltes;
  - (ii) bepaalde persele;
  - (iii) klasse persele;
  - (iv) persele wat vir bepaalde doeleindes gebruik word; of
  - (v) mobiele bronne.

(3) Die Stad kan beleid en riglyne ontwikkel en publiseer, wat tegniese riglyne insluit, met betrekking tot die regulering van werksaamhede wat regstreekse en nieregstreekse lugbesoedeling in 'n lugbesoedelingsbeheersone veroorsaak.

(4) Onderworpe aan artikel 44, kan die raad sekere persele, klasse persele, of persele wat vir bepaalde doeleindes gebruik word, skriftelik van hierdie artikel vrystel.

## **HOOFSTUK V**

### **ROOKVRYSTELLINGS VAN PERSELE BUITEN WONINGS**

#### **Toepassing**

**11.** Vir die doeleindes van hierdie hoofstuk, sluit 'perseel' nie wonings in nie.

#### **Verbod op donkerrookvrystelling van persele**

**12.** (1) Onderworpe aan subartikel (2) hier onder, mag donker rook nie vir langer as drie minute in totaal in enige aaneenlopende tydperk van 30 minute van enige perseel vrygestel word nie.

(2) Hierdie artikel geld nie donker rook wat deur brandstofverbrandingstoerusting vrygestel word wanneer sodanige toerusting aangesit, nagesien of herstel word, of wag om nagesien of herstel te word nie, tensy sodanige vrystelling deur middel van die bes uitvoerbare omgewingskeuse voorkom kon word.

(3) Subartikels (1) en (2) hier bo geld nie die houers van lisensies vir atmosferiese vrystellings vir werksaamhede wat ingevolge artikel 21 van die Wet op Luggehalte gelys word nie, in welke geval die vrystellingstandaarde wat in sodanige lisensie bepaal word, sal geld.

### **Installering van brandstofverbrandingstoerusting**

**13.** (1) Geen persoon sal sonder die vooraf- skriftelike toestemming van die raad enige brandstofverbrandingstoerusting op enige perseel installeer, wysig, uitbrei of vervang nie, welke toestemming slegs ná oorweging van die betrokke planne en spesifikasies verleen mag word.

(2) Enige brandstofverbrandingstoerusting wat op enige perseel geïnstalleer, gewysig, uitgebrei of vervang word ooreenkomstig planne en spesifikasies wat vir die doeleindes van hierdie artikel by die raad ingedien en deur hulle goedgekeur is, sal hanteer word in die veronderstelling dat dit aan die bepalings van subartikel (1) hier bo voldoen, tot en met teenbewys gelewer word.

(3) Waar brandstofverbrandingstoerusting strydig met subartikel (1) hier bo op enige perseel geïnstalleer, gewysig, uitgebrei of vervang word, kan die raad, deur skriftelike kennisgewing aan die eienaar en okkupeerder van die perseel, op die verwydering van die brandstofverbrandingstoerusting van die perseel aandrang, op onkoste van die eienaar en operateur, en binne die tydperk soos in die kennisgewing bepaal.

(4) Die uitvoerende direkteur: Stadsgeondheid kan enige stappe doen wat hy/sy nodig ag ten einde die skade wat die installering, wysiging, uitbreiding of vervanging op die perseel aangerig het, te herstel, en enige verdere voorkoms daarvan te voorkom, en kan die redelike koste wat hiervoor aangegaan word van die persoon verhaal wat vir sodanige skade verantwoordelik was.

### **Hantering van brandstofverbrandingstoerusting**

**14.** (1) Geen persoon sal enige brandstofverbrandingstoerusting op enige perseel in stryd met die toestemming ingevolge artikel 13 hier bo gebruik of hanteer nie.

(2) Waar brandstofverbrandingstoerusting op die perseel in stryd met subartikel (1) hier bo gebruik of hanteer word, kan die raad, deur skriftelike kennisgewing aan die eienaar en okkupeerder van die perseel—

- (a) die toestemming ingevolge artikel 13 intrek; en
- (b) op die verwydering van die brandstofverbrandingstoerusting van die perseel aandrang, op onkoste van die eienaar en operateur, en binne die tydperk soos in die kennisgewing bepaal.

(3) Waar die eienaar of okkupeerder van die perseel versuim om aan die kennisgewing in subartikel (2) hier bo te voldoen, kan die raad die brandstofverbrandingstoerusting van die perseel verwyder, en die redelike koste wat hiervoor aangegaan word van sodanige perseeleienaar of -okkupeerder verhaal.

### **Veronderstelling**

**15.** Daar sal veronderstel word dat donker rook van 'n perseel vrygestel is indien dit sou blyk dat enige brandstof of materiaal op die perseel verbrand is, en die omstandighede sodanig was dat die verbranding redelik waarskynlik tot die vrystelling van donker rook sou lei, tensy die eienaar, okkupeerder of operateur, na gelang van omstandighede, bewys dat geen donker rook vrygestel is nie.

### **Installering en hantering van verduisteringsmeters**

**16.** (1) 'n Gemagtigde persoon kan aan enige operateur van brandstofverbrandingstoerusting, of enige eienaar of okkupeerder van 'n perseel waar brandstofverbrandingstoerusting gebruik of hanteer word, of veronderstel is om gebruik of hanteer te word, kennis gee om op sy of haar onkoste 'n verduisteringsmeter te installeer, in stand te hou en te hanteer indien—

- (a) ongemagtigde en onregmatige vrystellings van donker rook van die betrokke perseel aanhoudend en gereeld oor 'n tydperk van minstens twee dae voorkom;
- (b) ongemagtigde en onregmatige vrystellings van donker rook van die betrokke perseel met tussenposes oor 'n tydperk van minstens 14 dae voorkom;
- (c) brandstofverbrandingstoerusting op die betrokke perseel geïnstalleer is, of veronderstel is om geïnstalleer te word, wat redelik waarskynlik donker rook sal vrystel;
- (d) die persoon aan wie die kennisgewing bestel is meer as een keer ingevolge hierdie hoofstuk skuldig bevind is, en nie voldoende maatreëls getref het om verdere oortreding van die bepalings van hierdie hoofstuk te voorkom nie; of
- (e) die gemagtigde persoon van oordeel is dat die aard van die lugbesoedelende stowwe wat van die betrokke perseel vrygestel word, redelik waarskynlik 'n gevaar vir mense se gesondheid of die omgewing inhou.

(2) 'n Kennisgewing ingevolge subartikel (1) hier bo moet die persoon aan wie dit bestel word, in kennis stel—

- (a) van sy/haar reg om skriftelike vertoë te rig en persoonlik te verskyn om inligting en betoë met betrekking tot die kennisgewing aan te bied en te betwis, en moet 'n redelike tydperk bepaal waarin voormelde moet geskied;
- (b) van sy/haar reg op appèl ingevolge artikel 43;
- (c) van sy/haar reg om skriftelike redes vir die uitreiking van die kennisgewing te versoek; en
- (d) van die maatreëls wat getref moet word, sowel as die moontlike gevolge indien die kennisgewing verontagsaam sou word.

### **Monitering en toetsing**

**17.** 'n Okkupeerder of eienaar van 'n perseel, en die operateur van enige brandstofverbrandingstoerusting, van wie daar vereis word om ingevolge artikel 16(1) 'n verduisteringsmeter te installeer, moet—

- (a) alle moniterings- en toetsresultate boekstaaf, en vir minstens vier jaar nadat die resultate verkry is 'n afskrif van sodanige dokument bewaar;
- (b) indien 'n gemagtigde persoon so versoek, die dokument met moniterings- en toetsresultate vir inspeksie beskikbaar stel; en
- (c) indien 'n gemagtigde persoon so versoek, skriftelik verslag doen van 'n deel van of al die inligting in die dokument met die moniterings- en toetsresultate, en wel in 'n formaat en teen 'n datum wat die gemagtigde persoon bepaal.

#### Tydlike kwytskelding

**18.** (1) Onderworpe aan artikel 44, en op skriftelike versoek deur die eienaar of okkupeerder van die perseel, of die operateur van brandstofverbrandingstoerusting, kan die raad skriftelik tydelike kwytskelding van een van of al die bepalings van hierdie hoofstuk toestaan.

(2) Enige kwytskelding ingevolge subartikel (1) moet minstens onderstaande bevat:

- (a) 'n Beskrywing van die brandstofverbrandingstoerusting en die perseel waar dit gebruik of hanteer word;
- (b) die redes waarom die kwytskelding toegestaan word;
- (c) die voorwaardes verbonde aan die kwytskelding, indien enige;
- (d) die tydperk waarvoor die kwytskelding toegestaan word; en
- (e) enige ander tersaaklike inligting.

(3) Die raad mag nie 'n tydelike kwytskelding ingevolge subartikel (1) hier bo toestaan nie, totdat die raad—

- (a) redelike maatreëls getref het om te verseker dat alle persone wie se regte beduidend deur die toestaan van die tydelike kwytskelding benadeel kan word, wat aanliggende grondeienaars of okkupeerders insluit, bewus is van die aansoek om tydelike kwytskelding, sowel as hoe om 'n afskrif daarvan te bekom;
- (b) sodanige persone 'n redelike geleentheid gegun het om teen die aansoek beswaar te maak; en
- (c) enige besware wat ontvang is deeglik oorweeg en in ag geneem het.

### HOOFSTUK VI

#### ROOKVRYSTELLINGS VAN WONINGS

##### Verbod op donkerrookvrystelling van wonings

**19.** (1) Onderworpe aan artikel 4(1), sal geen persoon vir langer as drie minute in totaal in enige aaneenlopende tydperk van 30 minute donker rook van enige woning vrystel of sodanige vrystelling toelaat nie.

(2) Onderworpe aan artikel 44, en op skriftelike versoek van die eienaar of okkupeerder van enige woning, kan die raad skriftelik tydelike vrystelling van een van of al die bepalings van hierdie artikel toestaan.

### HOOFSTUK VII

#### VRYSTELLINGS WEENS STOF, OOP VERBRANDING EN MATERIAALVERBRANDING

##### Magtiging van oop en materiaalverbranding

**20.** (1) Onderworpe aan subartikel (4) hier onder, moet enige persoon wat op enige stuk grond of perseel enige materiaal in die ope lug verbrand vooraf skriftelike goedkeuring vir sodanige oop verbranding van die raad bekom.

(2) In die skriftelike toestemming waarna subartikel (1) hier bo verwys, kan die raad voorwaardes oplê waaraan die persoon wat toestemming versoek, moet voldoen.

(3) Die raad mag nie oop verbranding ingevolge subartikel (1) hier bo toelaat, tensy hulle tevrede is dat onderstaande vereistes voldoende nagekom word of hanteer is nie:

- (a) die materiaal sal in die ope lug verbrand word op die grond waar dit vandaan kom;
- (b) die persoon wat toestemming versoek, het tot die bevrediging van die raad alle redelike alternatiewe vir die vermindering, hergebruik of herwinning van die materiaal ondersoek en beoordeel ten einde die hoeveelheid materiaal wat in die ope lug verbrand word, te verminder;
- (c) die persoon wat toestemming versoek, het tot die bevrediging van die raad alle redelike alternatiewe vir die verwydering van die materiaal van die grond of perseel ondersoek en beoordeel;
- (d) die persoon wat toestemming versoek, het tot die bevrediging van die raad die impak van oop verbranding op die omgewing ondersoek en beoordeel;
- (e) die persoon wat toestemming versoek, het die eienaars en okkupeerders van alle aanliggende eiendomme in kennis gestel—
  - (i) van alle bekende besonderhede van die voorgestelde oop verbranding; en
  - (ii) van die eienaars en okkupeerders se reg om binne sewe dae nadat hulle in kennis gestel is skriftelike besware teen die voorgestelde oop verbranding by die raad in te dien;
- (f) die raad het die voorgeskrewe fooi ontvang;
- (g) 'n Waarskuwing ingevolge artikel 10(1)(b) van die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 (nr. 101 van 1998) is nié vir die streek gepubliseer nie;

- (h) die grond waarop die persoon voornemens is om die materiaal in die ope lug te verbrand, is staatsgrond, 'n plaas of kleinhoewe, of grond in 'n amptelike dorpsgebied wat nie vir residensiële doeleindes gebruik word nie;
  - (i) die oop verbranding geskied minstens 100 meter vanaf enige geboue of strukture;
  - (j) die oop verbranding sal nie 'n moontlike gevaar vir mense se gesondheid of veiligheid, privaat eiendom óf die omgewing inhou nie;
- (4) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie op—
- (a) buitebraai-ontspanningsaktiwiteite op privaat grond;
  - (b) klein, beheerde brande in informele nedersettings vir kosmaak-, waterverhittings- en ander huishoudelike doeleindes; of
  - (c) enige ander omskrewe gebied of werksaamheid wat volgens die raad nie deur hierdie artikel geraak word nie.

#### **Vrystellings weens die verbranding van bande, rubber en enige ander materiaal vir metaalherwinning**

21. (1) Geen persoon mag sonder die skriftelike toestemming van die raad—
- (a) enige bande of rubber of ander sintetiese bedekte, omhulde of geïsoleerde produkte, en elektroniese of ander toerusting, op enige grond of perseel verbrand of laat verbrand nie;
  - (b) enige bande, rubberprodukte, kables of enige ander produkte op enige grond of perseel verbrand of laat verbrand ten einde die skrootmetaal of veselversterkings daarin te herwin, of met die bande, rubberprodukte of kables as afval weg te doen nie; of
  - (c) enige verbrande metaal of veselversterkings waarna daar in paragraaf (a) en (b) hier bo verwys word, besit, berg, vervoer of verhandel nie.
- (2) Die raad kan enige stappe doen wat dit nodig ag ten einde die skade weens die verbranding in subartikel 21(1)(a) en (b) en/of die besit in subartikel 21(1)(c) hier bo reg te stel, en enige verdere voorkoms daarvan te verhoed, en kan die redelike koste wat hiervoor aangegaan word van die persoon verhaal wat vir sodanige skade verantwoordelik was.

#### **Stofvrystellings**

22. Enige persoon wat—
- (a) enige werksaamheid onderneem; of
  - (b) stofvrystellings veroorsaak of toelaat,

